

**PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISE-KANSELIER**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**DIE HERBENAMING VAN DRIE GEBOUE**

**ZK MATTHEWS GROOTSAAL**

**21 AUGUSTUS 2019**

Programdirekteur, die moderne Afrika-nasionalistiese beweging vind sy wortels in die stigting van die South African Native National Congress (SANNC), later die ANC, in 1912.

Ek beklemtoon “modern”, omdat die nasionalistiese beweging op die Afrika-kontinent vir die bevryding van Afrika en al haar mense ’n lang geskiedenis het waartydens baie lewens verloor is gedurende die weerstand teen koloniale oorheersing.

Dit het aanvanklik op ’n nasionale basis begin en is beperk tot die grense wat gestel is tydens die Berlyn-konferensie van 1884–5, maar die nasionalistiese beweging het spoedig ’n pan-Afrikaanse karakter verkry. Dit het nie slegs bande laat ontwikkel tussen die mense van die kontinent nie, dit het ook diegene in die diaspora ingesluit.

Dit is in hierdie konteks dat WEB Du Bois pogings geloods het om die Pan-African Movement te skep, aanvanklik onder leiding van Afro-Amerikaners, tot en met die 1945 Manchester-konferensie georganiseer deur Kwame Nkrumah en George Padmore, toe die

beweging oorgegaan het in die hande van diegene op die Afrika-kontinent.

Dit is insiggewend dat die Manchester-konferensie plaasgevind het 'n jaar na die stigting in 1944 van die ANC Jeugliga deur niemand anders nie as Anton Lembede, Nelson Mandela, Oliver Tambo, Ashby Mda en Walter Sisulu.

Soos wat regsgeleerdes sou sê, dit is gemeenplasing om te beklemtoon dat die stigting van die ANC Jeugliga 'n keerpunt was in die algehele benadering wat tot op daardie tydstop deur die ANC gevolg is – die oorgang van petisies na protes.

### **Dekolonisering van Afrika**

Programdirekteur, ek het doelbewus hierdie kort geskiedenis geskets om vandag se seremonie binne daardie historiese konteks te plaas. Dit was te midde van hierdie ontvouende gebeure in die geskiedenis van die bevrydingstryd dat die eise vir die dekolonisering van die Afrika-kontinent vorm aangeneem het. Die gevolg van hierdie keerpunt in 1944, gepaard met die regstreekse invloed wat Lembede gehad het, was om as inspirasie te dien vir minstens twee aspekte wat tot in daardie stadium swak kon gewees het.

Die eerste was om die stryd hier op eie bodem te koppel aan die algehele stryd wat gevoer is deur Afrikane regoor die kontinent, en trouens regoor die wêreld. Die stryd om vryheid. Lembede was dus nie slegs 'n Pan-Afrikaan in die breedste definisie van die term nie, hy was ook 'n internasionalis.

Tweedens het Lembede klem gelê op die noodsaaklikheid dat Afrikane hulle moet bevry van skaapagtige bewondering vir Europa en trots moet begin ontwikkel vir hul eie geskiedenis en wese – dit wat Ngugi wa Thiongo later sou beskryf as die dekolonisasie van die gees.<sup>1</sup>

Dit is in daardie sin dat vandag se seremonie skakel met die geskiedenis van dekolonisasie op die Afrika-kontinent – 'n projek wat ons by die Universiteit van Suid-Afrika en inderdaad ander universiteite in die land in al sy manifestasies opgeneem het.

Baie skrywers het aangetoon hoedat die meeste lande op die kontinent, lank nadat die onafhanklikheidsvlag gehys is, steeds gekoloniseer gebly het. Die eerste skrywer wat hierdie fenomeen waargeneem het, was Kwame Nkrumah self, wat na hierdie toedrag

---

<sup>1</sup> Ngũgĩ wa Thiong'o. 1986. *Decolonising the mind: the politics of language in African literature*. London: James Currey.

van sake verwys het as neokolonialisme. Ander skrywers en aktiviste het sedertdien voortgebou op Nkrumah se waarnemings.

Een van die huidige manifestasies van die staat van neokolonialisme, soos Nkrumah dit noem, of kolonialiteit, soos moderne teoretici van die dekoloniale skool bepleit, is te vinde op die gebied van die aard van die kennis wat deur universiteite geproduseer word.

Nie slegs is die kennis wat deur ons universiteite geproduseer word steeds deurdrenk van Noordelike epistemologieë nie, die simbolisme wat saamhang met daardie kennisproduksie en -oordrag is ook Noordelik in benadering.

In ons konteks as Suid-Afrika is sodanige kennis 'n oorblyfsel van kolonialisme en apartheid. Dit is dus logies dat ons as universiteit, maar ook as land in die geheel, die kwessie van simbolisme moet aanpak terwyl ons voortgaan om ons te bevry van die koloniale en apartheidsnalatenskap. In hierdie geval manifesteer sulke simbolisme onder andere in die name van geboue, sale en lesingkamers.

Programdirekteur, ons het die pad gekies van die herbenaming van ons geboue terwyl ons goed weet en verstaan dat dit die onderwerp

van lewendige debat is en diep sensitieweite verteenwoordig. Dit lê egter aan die wese van bevryding en is nooit aangenaam nie.

Maar wat is die konseptuele raamwerk wat ten grondslag lê van ons benadering tot die herbenaming van geboue?

### **Monumentalisering**

Ten einde my boodskap konsekwent te hou, vergun my om gedeeltelik te herhaal wat ek 'n maand gelede gesê het toe ons die naam van ons KwaZulu-Natalse streekskantoor in Durban verander het na die Smiso Nkwananya-gebou.

Ek verwys na Simanga Kumalo, wat die herbenaming van plekke sien as monumentalisering. Daarmee verwys hy na “the creation of the physical images, symbols and presence, the naming of streets, the creation of figures using the names of outstanding leaders, who contributed to the ushering in of the democratic dispensation, so that people may preserve the memory of the history of the city and the political trajectories it has experienced”.<sup>2</sup>

Maar is dit al wat oor monumentalisering te sê is?

---

<sup>2</sup> R Simanga Kumalo. 2014. Monumentalization and the renaming of street names in the city of Durban (Ethekwini) as a contested terrain between politics and religion. *New Contree* 70: 219-250.

Ek wil beweer dat hoewel Kumalo se konseptualisering bruikbaar is, dit steeds beperk bly. Die vernaamste swakheid in sy konseptualisering is dat hy die herbenaming van stede, strate en geboue eenvoudig sien as “preserving certain memories”.

Vir ons gaan die herbenaming van geboue oor die skep van ’n nuwe instelling. Hoe? kan ’n mens vra.

### **Monumentalisering by UNISA: Hoe ons dit verstaan en hanteer**

Ten einde behoorlik te verstaan waarom dit nodig is om sommige van ons geboue nuwe name te gee, kom ons oorweeg vir ’n oomblik waar ons vandaan kom as ’n land, maar meer spesifiek, as ’n universiteit.

Terwyl ons die 146 jaar van die bestaan van die Universiteit van Suid-Afrika vier, dra ons ’n gemengde nalatenskap saam van sowel geleenthede as uitsluiting. Ons geskiedenis is dié van die skep van “gelyke geleenthede” vir werkende mense, wat hulle loopbane wou bevorder en so wou vooruitgaan in die lewe.

Aan die ander kant is juis daardie geskiedenis van die universiteit hoegenaamd nie so glorieryk nie. Trouens, baie van u sal met my saamstem dat die universiteit agter die fasade van gelyke geleenthede ’n instelling was wat gedrenk was in koloniale

bevoorregting. Ek sê dit as een van die eerste swart dosente aan hierdie instelling, in die Departement Afrika-tale, en in 'n veel mindere mate in die Fakulteit Teologie. My herinneringe aan my minderheidsposisie is nog vars.

Vir ons gaan monumentalisering dus oor twee kwessies. In die eerste plek gaan dit oor die regstelling van die onregte van die verlede, en die vervanging daarvan met 'n gedeelde verbintenis om nooit weer enige vorm van onreg, in watter vorm ook al, te herhaal nie. Dus suggereer die stap om 'n gebou, of enige deel van 'n gebou, te herbenaam dat sy geskiedenis moontlik gebaseer is op die praktyk van ongeregtheid teen een gedeelte van die bevolking, terwyl die geskiedenis van 'n ander deel bevoordeel en bevestig is.

Deur hierdie geboue te vernoem na sommige van die mense wie se lewens 'n strewe na inklusiwiteit simboliseer, verklaar ons dat ons universiteit oop deure het vir almal, ongeag ras, klas, gender of geloofsoortuiging.

Die tweede rede waarom ons 'n keuse maak het vir die name wat nou na vore kom in die herbenaming van 'n aantal van ons geboue, is sodat ons ons as universiteitsgemeenskap begin inbed in die geskiedenis van hierdie land.

Dit is ons vaste oortuiging dat hierdie laasgenoemde benadering op sy beurt daartoe sal lei dat die nasie sal identifiseer met die universiteit, en dit nie net as 'n ontoeganklike ivoortoring sal beskou en behandel nie.

Met die herbenaming van ons geboue wil ons nie impliseer dat diegene wie se name vir baie jare op die geboue gepryk het, nie 'n bydrae gelewer het tot dít wat die Universiteit van Suid-Afrika geword het nie. Professor Andrew Manson se boek, *Unisa 1873–2018: The making of a distance learning university*,<sup>3</sup> gee te kenne dat hulle almal bygedra het tot dít wat UNISA geword het.

Manson toon in sy boek aan hoe die vorige visekanseliers van die universiteit sowel sterk as swak punte gehad het. Hy beskryf verder hoe die universiteit, soos alle ander instellings destyds in die land, verplig was om apartheidsbeleid en -praktyke te implementeer, selfs al sou hulle dit nie wou doen nie. Dít is die teenstrydige en pynlike geskiedenis van hierdie universiteit.

### **Anton Lembede**

Soos ek vroeër aangedui het, is ons geskiedenis een van deure wat geopen is, terwyl daardie deure terselfdertyd hard toegeklap is. Dit is 'n geskiedenis waarin Lembede as student aanvaar is om te studeer

---

<sup>3</sup> Manson, A. 2018. *Unisa 1873-2018: The making of a distance learning university*. Pretoria, Unisa Press.



vir sy baccalaureusgrade, waarvan een 'n LLB was. Hy het voortgegaan om sy meestersgraad in 1945 te voltooi met 'n verhandeling getitel *The conception of God as expounded by, or as it emerges from the writings of philosophers – from Descartes to the present day*. Dit was in 'n tyd toe ander universiteite slegs 'n klein aantal swart student sou toelaat, en toelating tot nagraadse studies feitlik ongehoord was.

Lembede sou egter gekonfronteer word met die feit dat al sy dosente wit en hoofsaaklik manlik was, wat hom nie die ruimte gegee het om hom so vrylik uit te druk as wat hy sou wou nie. Ek kan my voorstel dat hy sekerlik nie 'n verhandeling oor Descartes sou geskryf het indien hy 'n keuse gehad het nie, maar dat hy die vroegste grondslae sou lê vir Afrika-filosofie of Swart Teologie soos ons dit vandag ken.

### **Die konteks en bekendstelling van Winnie Madikizela-Mandela**

Programdirekteur, ons voorneme om ons universiteite te dekoloniseer, wat simboliese manifestasies insluit soos die herbenaming van geboue, het impetus ontvang van die studente se *#RhodesMustFall* en *#FeesMustFall* bewegings.

Dit was deur hierdie bewegings dat die studente die idees van Lembede, Frantz Fanon, Steve Biko, Ngugi wa Thiongo en vele meer

begin oproep het, wat ons verplig het om ons pynlike verlede te konfronteer en vorm te gee aan Afrika-universiteite, nie slegs universiteite in Afrika nie.

Die studente se vasberadenheid om hierdie stryd te verhewig het die gees opgeroep wat merkbaar was in die opgang van Mama Winnie Madikizela-Mandela, 'n jong vrou wat die geleentheid misgun is om 'n gewone moeder vir haar kinders te wees.

As 'n jong moeder was daar alreeds tekens wat gedui het op haar fokus en veerkragtigheid. Hier was 'n baken van hoop vir swart mense, die eerste swart maatskaplike werker in 'n tyd toe swart mense, en spesifiek swart vroue, daartoe gedoem was om "houthakkers en waterdraers" te wees.

In 'n tyd toe swart vroue daartoe beperk was om huiswerkers en plaasarbeiders te wees, het Mama Winnie Madikizela-Mandela die stereotipes uitgedaag om die eerste swart maatskaplike werker in die land te word.

Maar dit was nie die eerste stereotipe wat Mama Winnie Madikizela-Mandela uitgedaag het nie. Sy kon gekies het vir die "gemak" om lid te wees van die opkomende swart werkende opperklas van daardie tyd. Ek vermy met opset die term 'middelklas', omdat dit 'n mite is

dat swart mense lede kon word van die middelklas– in die klassieke sin – onder apartheid. Mama Winnie Madikizela-Mandela het die verleiding van daardie potensialiteit teengestaan.

Pleks daarvan het sy die pynlike pad gekies om, soos Walter Rodney jare later in 'n ander konteks sou redeneer, “grounded with her people”<sup>4</sup> te wees. So sterk was die onblusbare gees van Mama Winnie Madikizela-Mandela dat sy haar teen haar verbanning na Brandfort verset het deur die gemeenskap daar te mobiliseer om 'n crèche en kliniek vir die armes te bou.

Die langdurigste lyding wat Mama Winnie Madikizela-Mandela moes verduur, was toe sy 491 dae in die gevangenis deurgebring het, die grootste deel daarvan in eensame afsondering.<sup>5</sup> Nie eens die mees verharde hart sal nie gebreek word by die lees van die hardheid waarmee hierdie edele vrou behandel is nie.

Haar voortgesette werk en toewyding gedurende die 1976-opstande, en haar onwrikbare solidariteit met haar mense tot die dag van haar dood is goed gedokumenteer en behoort selfs nog meer joernalistieke en akademiese aandag te geniet.

---

<sup>4</sup> Rodney, W. 2019[1969]. *The groundings with my brothers*. London: Verso.

<sup>5</sup> Madikizela-Mandela, W. 2014. *491 Days: prisoner number 1323/69*. Athens (Ohio): Ohio University Press.

Dit is om hierdie rede dat ons as 'n instelling haar naam onsterflik wil maak en wil monumentaliseer vir toekomstige geslagte.

Maar waarom sou ons twee van ons geboue vernoem na Lembede (die biblioteek) en Mama Winnie Madikizela-Mandela (die hoofgebou wat die akademiese departemente huisves)?

### **Die betekenis van Lembede en Madikizela-Mandela**

Uit dít wat ek hierbo kortliks geskets het oor die twee helde van ons stryd, en inderdaad omdat dit onmoontlik is om reg te laat geskied aan hul nalatenskap in minder as 30 minute, behoort dit duidelik te wees dat 'n aantal kenmerke uitstaan.

Die eerste kenmerk van sowel Lembede as Mama Winnie Madikizela-Mandela is dat hulle 'n liefde vir opvoeding gehad het en dit gekoester het. Hulle het stereotipes uitgedaag en 'n opvoeding verkry in 'n tyd toe opvoeding nie vir swart mense beskore was nie, toe hulle trouens aktief ontmoedig is om te studeer, veral wat hoër opvoeding betref.

Deur hul name te monumentaliseer skep ons 'n onverbreekbare skakel tussen hierdie helde en die stryd om hoër opvoeding wat gevoer word deur al die jongmense van hierdie land.

Die tweede kenmerk wat opval, en waarna ek reeds verwys het, is dat Lembede en Mama Winnie Madikizela-Mandela beide die verleiding van die status van 'n hoë werkende klas weerstaan het, 'n status wat daartoe kon lei dat hulle die lot van hul mense kon ignoreer en net konsentreer op hulself en hul families. Natuurlik het dit teen 'n groot en pynlike prys gekom. Ons is vandag waar ons is as 'n nasie vanweë hul selfloosheid en opoffering. Hulle verdien beslis verering van ons as 'n nasie.

Die derde element wat ek wil uitlig as kenmerke van Lembede en Mama Winnie Madikizela-Mandela is dat hulle hul opvoeding gebruik het om die bewussyn van hul mense te verhoog. Die beroemde brief wat 'n oorlewende van die Nazi-kampe aan die opvoedkundige Haim Ginott geskryf het, is 'n opsomming van die gewetenstandpunt wat Lembede en Mama Winnie ingeneem het. Dit lees soos volg:

*Dear Teacher,*

*I am a survivor of a concentration camp. My eyes saw what no man should witness: gas chambers built by learned engineers, children poisoned by educated physicians, infants killed by trained nurses, women and babies shot and burned by high school and college graduates. So, I am suspicious of education.*

*My request is:*

*help your students become human. Your efforts must never produce learned monsters, skilled psychopaths, educated Eichmans. Reading, writing, arithmetic are important only if they serve to make our children more human.*<sup>6</sup>

Waarop hierdie brief dui, en die relevansie daarvan vir ons vandag, is dat kennis en die strewe na menslikheid nooit geskei moet word nie. Kennis, en dus opvoeding, is slegs relevant en belangrik indien dit ons menslik maak. In die geval van ons land, gegewe ons pynlike geskiedenis, waar 'n “misdad teen die mensdom” gewettig en uitgevoer is, behoort opvoeding gebruik te word om ons weer te vermenslik. Soos Steve Biko tereg gesê het, die stryd teen apartheid was uiteindelik daarop gerig om aan Suid-Afrika “the greatest possible gift – a more human face” te gee.<sup>7</sup>

Dit is ons hoop dat hierdie twee name sal help om by ons studente 'n dieper begrip te laat posvat van opvoeding en hoe dit gebruik moet word vir die bevordering van menslikheid.

### **Professor Nkoana Simon Radipere**

Dit was die liefde vir opvoeding, die weerstand teen stereotipes en die toewyding aan hul mense, soos gedemonstreer deur Lembede en

---

<sup>6</sup> Anonymous holocaust survivor, quoted in Ginott, HG. 1972. *Teacher and child: a book for parents and teachers*. London: Macmillan

<sup>7</sup> Biko, S. 1978. *I write what I like*. Oxford, Heinemann Educational Publishers.

Mama Winnie Madikizela-Mandela, wat ons eie professor Nkoana Simon Radipere geïnspireer het. 'n Jong en toegewyde vakgeleerde, wat soos Lembede hierdie lewe te vroeg verlaat het.

As daar oorsigtelik gekyk word na professor Radipere se wetenskaplike werk, blyk dit een van sy fokusareas was die verband tussen motivering en die uiteindelijke prestasie van 'n sakeonderneming, veral kleinsake-ondernemings. Hierdie fokus is belangrik, want dit beklemtoon dat harde werk van deurslaggewende belang is indien ons daarin wil slaag om die lot van ons land om te keer.

Wat ook na vore kom in die werk van professor Radipere, is sy diep besorgdheid oor die sosiopolitieke en sosio-ekonomiese toestande waarin kleinsake-eienaars hul ondernemings bedryf. Hierdie sektor is as't ware die hardnekkigste en die mees patriotiese, in die sin dat dit nie ambisies vir uitvoerkapitaal het nie. Dit het egter met baie uitdagings te kampe, aangesien ekonomiese beleid skynbaar meer sensitief is vir die behoeftes en vrese van reuse- multinasionale ondernemings.

Die land kan daarby baat om kennis te neem van die werk van diegene soos Radipere. Daar behoort pogings onderneem te word om die kleinsakesektor te versterk en steun te verleen aan

opkomende entrepreneurs wat 'n eerlike bydrae wil maak tot die land se ekonomiese groei.

Hierdie kursoriese refleksie oor die lewe van professor Radipere kom op 'n tydstip dat ons land by 'n kruispad is. Ons doen 'n beroep op jongmense om die harde werk en toewyding wat professor Radipere gedemonstreer het, na te volg. Sy selfloosheid het daaruit geblyk dat hy as mentor opgetree het vir nuweling-navorsers, en tyd afgestaan het om nie net diegene in sy eie dissipline, Entrepreneurskap, te help nie, maar hulp verleen het regdeur verskillende kolleges.

Ons is ook hier bymekaar in 'n tyd waarin ons as universiteit beoog om meer swart professore aan te stel in die kollege waarvan professor Radipere 'n lid was – Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Steun vir opkomende en toegewyde jong akademici, en hul uiteindelijke bevordering op meriete, sal ons help om ons doelwit te bereik om die universiteit te transformeer tot 'n plek waar almal welkom voel en aangemoedig word om hard te werk.

Professor Radipere se onbedwingbare passie het hom aangedryf om te bly werk ten spyte daarvan dat hy nie gesond was nie. Hy het ineengestort en gesterf by die ingang van die gebou waarin sy kollege gehuisves word.



Ons hoop sy voorbeeld sal dien as inspirasie vir so baie studente wat die begeerte en die potensiaal het om dieselfde hoogtes as hy te bereik en dit verby te steek.

### **Ten slotte**

Programdirekteur, dit is ons oorwoë mening en hoop dat die stap wat ons vandag doen, bygevoeg sal word by die vele treë wat ons moet gee op weg na 'n getransformeerde Afrika-universiteit in diens van die mensdom. Ons volg 'n veelkantige benadering tot transformasie wat die volgende insluit:

- die transformasie van epistemologie, kennis en vakgeleerdheid
- verandering van die institusionele kultuur – waarbinne die herbenaming van geboue val – terwyl ons streef na die skep van nuwe simbolisme
- heroorweging van stelsels en beleid
- heroorweging van leierskap en bestuur
- die bevordering van 'n diskoers van verandering

Ons bedank graag die families van Anton Lembede, Mama Winnie Madikizela-Mandela en professor Radipere, vir die vergunning aan ons om die name van hul geliefdes te monumentaliseer. Dankie dat u

hulle met ons deel. Ons sal hulle name op ons beurt deel met die nasie, die kontinent en die wêreld.

Ek dank u!